

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Minister van Wet en Orde v Matshoba (102/88) [1989] ZASCA 129; [1990] 1 All SA 425 (A) (29 September 1989) [1989] ZASCA 129

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Corbett, Botha, Grosskopf, Milne, Eksteen

CASE / FILE NUMBER

102/88

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saakno 102/88

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING) In die saak tussen:DIE
MINISTER VAN WET EN ORDE AppellantenSHEPARD MATSHOBA RespondentCORAM:
CORBETT, HR, BOTHA, E M GROSSKOPF, MILNE, EKSTEENARR VERHOOR: 18 Mei 1989
GELEWER: 29 September 1989

UITSPRAAK E M GROSSKOPF, ARDie respondent (wat ek voortaan die aangehoudene sal noem) is gedurende die vroeë oggend van 12 Junie 1986 ingevolge artikel 50 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, no. 74 van 1982, in hegtenis geneem by sy woning te Zwelemtemba, Worcester. Hy is eers na die Worcesterse polisiekantoor geneem

2

en daarvandaan na die Worcesterse gevangenis. Op dieselfde dag (12 Junie 1986) het daar in werking getree 'n stel regulasies uitgereik deur die Staatspresident kragtens artikel 3(1)(a) van die Wet op Openbare Veiligheid, no. 3 van 1953. Geriefshalwe sal ek na hierdie regulasies verwys as die noodregulasies. Op een of ander tyd ná die inwerkingtreding van die noodregulasies - dit blyk nie presies wanneer nie - het luit. Nieuwoudt, die takbevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie se veiligheidstak op Worcester, die aangehoudene onthef van aanhouding ingevolge artikel 50(1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, en hom meegedeel dat hy voortaan aangehou sou word ingevolge die bepalings van regulasie 3(1) van die noodregulasies. Hierdie regulasie, saam met ander relevante regulasies, word later in hierdie uitspraak aangehaal. Luit. Nieuwoudt was ook van mening dat die aangehoudene vir langer as die 14 dae wat deur regulasie 3(1) en 3(2) veroorloof word, aangehou sou moes word, en het toe 'n kriftelike motivering vir die verdere aanhouding van die aangehoudene ingevolge regulasie 3(3) opgestel vir voorlegging

3

aan die appellant, die Minister van Wet en Orde (na wie ek voortaan sal verwys as die Minister). Op 23 Junie 1986 het die Minister die aangehoudene se verdere aanhouding gelas. Die Minister se skriftelike lasgewing is gerig aan die Hoof van die Gevangenis, Worcester, en beveel dat die aangehoudene "wat tans kragtens regulasie 3(1) ... in die Worcester gevangenis aangehou word, verder aldaar aangehou word" vir solank die noodregulasies van krag is. Daar is geen aanduiding dat hierdie lasgewing ooit aan die aangehoudene getoon is nie.

Die aangehoudene is in die Worcesterse gevangenis aangehou tot 28 Junie 1986, toe hy oorgeplaas is na die Victor Verster gevangenis by Paarl. Dit blyk nie uit die oorkonde wat die rede hiervoor was nie, of kragtens watter magtiging, indien enige, dit geskied het nie.

Op 2 Oktober 1986 het die aangehoudene 'n dringende aansoek tot die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop gerig teen die Minister, die Minister van Justisie, die Kommissaris van

4

Polisie, en die hoof van die Victor Verster gevangenis. Geriefshalwe sal ek na hierdie persone gesamentlik verwys as die respondente. Die substantiewe regshulp wat aangevra is, was bevele wat verklaar dat die inhegtenisneming en aanhouding van die aangehoudene onregmatig en nietig was, en wat die respondente gelas om hom onmiddellik vry te laat. Die aansoek is bestry en is verhoor op 3 en 4 Junie 1987 (dit blyk nie uit die stukke waaraan die vertraging te wyte was nie). Die hof a quo (FRIEDMAN R) het uitspraak voorbehou. Op 11 Junie 1987 is die aangehoudene vrygelaat. As gevolg hiervan het die aangevraagde regshulp weggeval, behalwe vir 'n bevel betreffende regskoste. Op 14 Oktober 1987 het die hof a quo uitspraak ten gunste van die aangehoudene gegee, en gelas dat die respondente gesamentlik en afsonderlik die gedingskoste betaal. Met verlof wat verleen is ná 'n petisie aan die hoofregter kom die Minister nou in hoër beroep teen hierdie bevel.

Voordat ek die geskilpunte in die saak bespreek is dit wenslik om die regsagtergrond te skets. Die relevante

5

regulasies lui soos volg:

"3.(1) 'n Lid van 'n Mag kan enige persoon wie se aanhouding na die oordeel van daardie lid nodig is vir die handhawing van die openbare orde, of die veiligheid van die publiek of daardie persoon self, of ter beëindiging van die noodtoestand, sonder lasbrief arresteer of laat arresteer, en kan so 'n persoon by wyse van 'n skriftelike bevel deur enige lid van 'n Mag onderteken, in bewaring in 'n gevangenis aanhou, of laat aanhou.

(2) Niemand word ingevolge subregulasie (1) vir 'n tydperk van langer as veertien dae vanaf die datum van sy aanhouding aangehou nie, tensy daardie tydperk deur die Minister kragtens subregulasie (3) verleng word.

- (3) Die Minister kan, sonder kennisgewing aan enigiemand en sonder om enigiemand aan te hoor, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing deur hom onderteken en gerig aan die hoof van 'n gevangenis, gelas dat 'n persoon wat ingevolge subregulasie (1) gearresteer is en aangehou word, verder in daardie gevangenis aangehou word vir die tydperk in die kennisgewing vermeld, of vir solank hierdie Regulasies van krag is.
- (4) 'n Persoon wat uit hoofde van 'n bevel bedoel in subregulasie (1), of 'n kennisgewing bedoel in subregulasie (3), in 'n gevangenis aangehou word, kan, indien die Minister of iemand deur hom gemagtig skriftelik aldus gelas, uit daardie gevangenis in hegtenis verwyder word vir aanhouding in enige ander gevangenis, of vir enige ander doeleindes in sodanige lasgewing vermeld."

Die volgende aspek wat ek wil noem is die van bewyslas.

In Minister of Law and Order and Others v. Hurley and Another

6

1986(3) SA 568 (A) het hierdie hof bevind dat die bewyslas om diegeldigheid van 'n inhegtenisneming ingevolge artikel 29(1) van dieWet op Binnelandse Veiligheid te bewys, op die owerheid rus watvir die inhegtenisneming verantwoordelik was. Die rede hiervoor word as volg gestel op bl. 589 E:

"An arrest constitutes an interference with the liberty of the individual concerned, and it therefore seems to be fair and just to require that the person who arrested or caused the arrest of another person should bear the onus of proving that his action was justified in law."

Sien ook Kabinet van die Tussentydse Regering vir Suidwes-Afrika

en 'n Ander v. Katofa 1987(1) SA 695 (A) op bl. 730 E en bl. 739

H-740 B.

Meer spesifiek met betrekking tot 'n inhegtenisneming

ingevolge artikel 3(1) van die noodregulasies, het HEFER AR die

volgende gesê in die meerderheidsuitspraak in Minister of Law and

Order and Another v. Dempsey 1988(3) SA 19 (A) op bl. 38 B:

"I accept, of course, that the onus to justify an arrest is on the party who alleges that it was lawfully made and, since an arrest can only be justified on the

7

basis of statutory authority, that the onus can only be discharged by showing that it was made within the ambit of the relevant statute." Hoewel hierdie passasies slegs verwys na h

inhegtenisneming - dit was al wat daar in geskil was - gelddieselfde beginsel klaarblyklik ook vir die aanhouding van hpersoon.

Dit bring my dan by die geskilpunte in die saak. Die

kern van FRIEDMAN R se uitspraak lui soos volg:

"Respondents rely on an initial arrest and detention under Regulation 3(1) and a subsequent further detention by the Minister in terms of Regulation 3(3). Applicant was at all relevant times since 28 June 1986 held at the Victor Verster Prison. The only way in which he could be lawfully detained there would be in terms of a notice issued in terms of Regulation 3(4). By virtue of what authority he found himself detained at the Victor Verster Prison is not known. ... In view of the lacuna in respondents' evidence as to how applicant came to be transferred from Worcester Prison to Victor Verster Prison where he was being detained when the application was launched, respondents have not discharged the onus of establishing that applicant was being lawfully detained at the latter prison."

Teen hierdie bevinding het Mnr Burger, wat namens die

Minister verskyn het, 'n tweeledige aanval gerig. Eerstens het

8

hy betoog dat die lacuna, waama die geleerde regter verwys, nie bestaan ten opsigte van enige geskilpunt wat in die mosie-stukke omskryf was nie. Vanweë die inhoud van die kennisgewing van mosie en funderende verklaring was die Minister, so is betoog, nie geroepe om met hierdie aspek volledig te handel nie, en was die aangehoudene nie geregtig om die lacuna uit te buit in argument nie.

Tweedens is daar betoog dat terwyl daar 'n geldige lasgewing tot verdere aanhouding ingevolge regulasie 3(3) bestaan, 'n persoon op wie die lasgewing van toepassing is nie geregtig kan wees op sy vrylating bloot omdat hy inderdaad nie aangehou word in die gevangenis genoem in die lasgewing nie. 'n Gepaste regshulp in so 'n geval, so is betoog, behoort bloot 'n bevel tot oorpasing na die korrekte gevangenis te wees, of 'n verklarende bevel betreffende die korrekte plek van aanhouding.

Ek behandel eers die eerste argument, d.w.s. die argument met betrekking tot die omvang van die geskilpunte in die mosie-stukke. Hierdie hof het al dikwels beslis dat 'n regspunt

9

wat nie pertinent in 'n appellant se aansoek geopper word nie maar wel uit die bewese feite ontstaan, deur die hof oorweeg mag word en die basis van sy uitspraak mag vorm. Sien van Rensburg v. van Rensburg en Andere 1963(1) SA 505 (A) op bl. 509 'n tot 510 B; Sentrale Kunsmis Korporasie (Edms) Bpk v. N K P Kunsmisverspreiders (Edms) Bpk 1970(3) SA 367 (A) op bl. 404 D-G; Minister of Justice v. Nationwide Truck Hire (Pty) Ltd 1981(4) SA 826 (A) op bl. 833 G in fin; en Cabinet for the Territory of South West Africa v. Chikane and Another 1989(1) SA 349 (A) op bl.

360 F-G. Hierdie beginsel word egter gekwalifiseer deur die voorbehoud dat die hof alleen so kan optree as daar geen onbillikheid teenoor die respondent geskied nie. In die sake word hierdie element gewoonlik uitgedruk deur te vereis dat alle relevante feite voor die hof moet wees (vgl., bv., die Sentrale Kunsmis-saak, supra, op bl. 404 F-G; die Nationwide Truck Hire-saak, supra, op bll. 833 'n tot 834 A en Chikane se saak, supra, op bl. 360 G tot H). Hierdeur word die mees voor die hand liggende bron van moontlike onbillike

10

benadeling van die respondent uitgeskakel. In die onderhawige geval gaan dit egter om 'n leemte in die getuienis. Die vraag of die Minister onbillik benadeel is deurdat die hof sy uitspraak op hierdie leemte gegrondves het hang dus nie daarvan af of alle relevante feite voor die hof was nie - klaarblyklik was hulle nie - maar of die Minister geroepe was om hierdie leemte te vul. Hierdie vraag moet beantwoord word aan die hand van 'n vertolking van die aangehoudene se stukke in die lig van die toepaslike regsbeginsels. Daar is nie veel gesag in ons reg oor wat 'n aansoekdoener wat hom oor sy vryheidsberowing bekla, in sy stukke behoort te beweer nie. Die analoge geval van 'n eienaar wat by wyse van 'n reivindicatio die besit van sy eiendom terugvorder het egter heelwat aandag geniet en kan tot 'n mate van hulp wees. In 'n lang reeks sake is daar beslis dat so 'n eienaar aanvanklik slegs hoef te beweer dat hy die eienaar van die saak is en dat die verweerder dit hou. Die bewyslas is dan op die verweerder om aan te dui kragtens watter reg hy aanspraak maak op besit van

11

die eiser se saak. Ek wil nie al die beslissings oor hierdie onderwerp aanhaal nie. Die belangrikste appèlhofbeslissings is Myaka

- v. Havemann and Another 1948(3) SA 457 (A) op bl. 465, Jeena v. Minister of Lands 1955(2) SA 380 (A) op bll. 382 F tot 383 B en Chetty v. Naidoo 1974(3) SA 13 (A) op bl. 20 C-D. Die reg op persoonlike vryheid is meer fundamenteel as eiendomsreg, en daar kan myns insiens geen twyfel bestaan dat 'n persoon wat teen sy aanhouding beswaar maak, in eerste instansie niks meer hoef te beweer as dat hy deur die verweerder of respondent aangehou word nie (waarskynlik hoef hy nie eers te beweer dat die aanhouding wederregtelik of teen sy sin is nie - sien Chetty v. Naidoo, supra, op bl. 20 D-E). Die verweerder of respondent dra dan die bewyslas om die aangehoudene se aanhouding te regverdig.

Maar, natuurlik, dit is 'n applikant of eiser se goeie reg om in sy stukke erkennings te maak wat 'n uitwerking op die ligging van die bewyslas het. So, bv., waar 'n eiser sy eiendom vindikeer, kan hy in sy stukke erken dat hy 'n besitreg oor die

12

saak aan die verweerder verleen het en dat sodanige besitreg prima facie nog bestaan. Indien die verweerder op hierdie erkende besitreg staatmaak sal die eiser moet bewys dat dit op een of ander manier beeindig is. Sien die volledige bespreking, met verwysing na vroeëre gesag, in Chetty v. Naidoo (supra) op bll. 19 D tot 24 A. Waar dit by beweerde vryheidsberowing kom is dit

ook denkbaar dat 'n applikant of eiser moontlik deur erkennings die respondent of verweerder se taak kan vergemaklik. Dit is teen hierdie agtergrond wat die aangehoudene se stukke in die onderhawige saak beoordeel moet word. Die regshulp wat die aangehoudene aangevra het was, soos ek reeds gemeld het, 'n bevel wat sy inhegtenisneming en aanhouding onwettig en nietig verklaar, en 'n bevel wat die respondente gelas om hom onmiddellik van aanhouding te bevry. In sy funderende verklaring sit hy die verloop van sy inhegtenisneming en aanhouding uiteen tot by sy verskuiwing na die Victor Verster gevangenis, waar hy nog was toe hy die verrigtinge ingestel het. Hierdie relaas, saam met die regshulp wat aangevra is, was

13

genoeg om die respondente te beswaar met die bewyslas om die aanhouding van die aangehoudene te regverdig. Die vraag is dan of daar enige erkennings in die aangehoudene se stukke was wat die ligging van die bewyslas in enige opsig geraak het. In die funderende verklaring dui die aangehoudene aan wat sy beskouing was omtrent die basis van sy aanhouding. So beweer hy in paragraaf 2 dat hy op 12 Junie 1986 by sy woning in hegtenis geneem is ingevolge artikel 3(1) van die noodregulasies. Dit is inderdaad 'n fout - die respondente maak staat op 'n inhegtenisneming ingevolge artikel 50 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, soos die aangehoudene dan self later aandui in paragraaf 9.1 van sy beëdigde verklaring. Die inhegtenisneming ingevolge regulasie 3(1) het eers later gevolg, soos ek hierbo gemeld het.

Die res van die aangehoudene se funderende verklaring, insoverre dit nie uit blote relaas bestaan nie, was hoofsaaklik daarop gerig om aan te toon dat daar geen regverdiging vir sy inhegtenisneming en aanhouding ingevolge regulasie 3(1) was nie

14

en dat die polisie dus mala fide opgetree het.

As 'n mens die funderende verklaring as geheel lees is dit eerstens duidelik dat die aangehoudene geen uitdruklike feite-erkennings maak wat die ligging van die bewyslas kan raak nie. Dit blyk uit die verklaring dat die aangehoudene meegedeel is dat hy ingevolge regulasie 3(1) in hegtenis geneem is. Hy veronderstel klaarblyklik dat dit die geval is, maar erken nie die regmatigheid daarvan nie. Selfs al sou die aangehoudene se verklaring as 'n erkenning kon dien dat al die formele vereistes van 'n inhegtenisneming ingevolge regulasie 3(1) nagekom is, sou dit die huidige dispuut nie veel verder voer nie. Aanhouding ingevolge regulasie 3(1) mag nie langer as veertien dae duur nie (sien regulasie 3(2)), en toe die kennisgewing van mosie op 2 Oktober 1986 uitgereik is, was daardie veertien dae klaarblyklik reeds lank verby. Die respondente kon dus nie suiwer op hierdie aanvanklike inhegtenisneming staatmaak nie. Hulle moes gronde vir 'n verdere aanhouding beweer ten einde die aangehoudene

15

aanhouding in die Victor Verster gevangenis op 2 Oktober 1986 te regverdig. Daar is egter voor ons betoog dat die baie pertinente aanval op die geldigheid van die inhegtenisneming ingevolge regulasie 3(1) tot gevolg het dat hierdie die enigste basis vir die aangehoudene se saak is. Die

vraag is dan: Kan die funderende verklaring so gelees word dat dit slegs een grond vir die aangevraagde regshulp aanvoer, en alle ander moontlike gronde wat uit die feite ontstaan, afsweer? Of, om dit anders te stel, kan die aangehoudene se klem op die beweerde onreëlmatigheid van sy inhegtenisneming ingevolge regulasie 3(1) beskou word as 'n erkenning by implikasie dat hy geen geldige beswaar teen enige ander aspekte van sy aanhouding het nie?

Namens die Minister is betoog dat hierdie vrae bevestigend beantwoord moet word. Daar is veral sterk staatgemaak op die slotparagraaf van die funderende beëdigde verklaring wat soos volg lui:

"In the premises, I submit that my arrest and detention

16

in terms of section 3(1) of the Emergency Regulations, is wrongful and unlawful and I accordingly pray that I be granted the relief set out in the Notice of Motion to which this Affidavit is annexed."

Ter aanvang moet daar myns insiens aanvaar word dat die

woord "accordingly" in hierdie paragraaf prima facie aandui datdie aangehoudene slegs op een grond staatmaak, t.w. die beweerde onregmatigheid van sy inhegtenisneming en aanhouding ingevolge regulasie 3(1). Hierdie paragraaf moet egter in samehang met die hele verklaring gelees word. As dit gedoen word blyk dit na my mening dat die aangehoudene inderdaad nie sy aansoek so wou beperk nie. So is daar byvoorbeeld 'n bewering in paragraaf. 7 "that there is no reason whatsoever to further extend my detention in terms of the said Regulation 3(3)." Hierdie is 'n duidelike aanduiding dat die aangehoudene se besware verder gestrek het as die optrede ingevolge regulasie 3(1).

Veral waar dit gaan om 'n party se vryheid, sal 'n hof nie maklik aanvaar dat so 'n party by implikasie belangrike elemente van sy teenparty se saak erken het nie. Daarby moet

17

'n mens onthou dat die aangehoudene se erkenning, as daar een was, sou gegaan het oor feite waarvan die bewyslas nie alleen op die respondente was nie, maar wat ook feitlik uitsluitlik binne die respondente se kennis geval het. Hoewel die aangehoudene in die passasie wat ek hierbo aangehaal het uit paragraaf 7 van sy funderende verklaring aandui dat hy bewus was van die moontlikheid dat 'n bevel vir sy verdere aanhouding ingevolge regulasie 3(3) uitgereik kon gewees het, is daar niks om aan te dui dat hy enige werklike kennis omtrent die betrokke lasgewing, sy terme, of die redes vir sy uitreiking gehad het nie. Verder verwys hy na sy oorplasing na die Victor Verster gevangenis, maar sonder enige kommentaar. Ook hier sou hy waarskynlik nie bewus gewees het van die prosedures wat gevolg is of die redes daarvoor nie. Onder hierdie omstandighede sou ek nie maklik aanvaar dat die aangehoudene bedoel het om die respondente te verlig van die bewyslas om ook in opsigte anders as die reëlmatigheid van sy inhegtenisneming, die regmatigheid van sy aanhouding te bewys nie. Alles in ag genome meen ek dat die stukke as geheel onder

18

die omstandighede van die saak aantoon dat die aangehoudene se klagte nie beperk was tot die beweerde onregmatigheid van sy inhegtenisneming en aanhouding ingevolge regulasie 3(1) nie. Dat daar nie onbillik teen die respondente opgetree word deur te bevind dat die geskilpunte nie so eng was as betoog word nie, blyk ook uit die feit dat die respondente self duidelik aanvaar het dat daar 'n wyer bewyslas op hulle gerus het. Bestrydende verklarings is geliasseer waarin die Minister en sekere polisie-amptenare die stappe wat gedoen is met betrekking tot die aangehoudene se inhegtenisneming en aanhouding uiteengesit het met die gronde daarvoor. Hulle het hulself nie beperk tot die aangehoudene se aanval op sy inhegtenisneming en aanhouding ingevolge regulasie 3(1) nie. Klaarblyklik het die respondente en, in besonder, ook die Minister, aanvaar dat hulle die bewyslas gedra het om die regmatigheid van die aangehoudene se aanhouding ten tyde van die instel van die verrigtinge te bewys. Die hof a quo het dan ook soos volg bevind:

"Although the thrust of his (d.w.s. die aangehoudene

19

se) complaint in terms of the notice of motion was that the police and first respondent (die Minister) had no grounds for arresting and detaining him, applicant's attack could also be construed as one against his arrest and detention generally." Geen kapsie is teen hierdie bevinding gemaak in die

aansoek om verlof om te appelleer, hetsy in. die hof a quo, hetsy in die petisie aan die Hoofregter nie. Dit is myns insiens 'n

verdere aanduiding dat die respondente aanvanklik ook die saak in dieselfde lig gesien het as die regter a quo.

Uit die voorgaande volg dit na my mening dat die respondente se bewyslas om die regmatigheid van die aangehoudene se aanhouding te bewys nie deur die stukke beperk is nie. Hieruit volg natuurlik nie dat die respondente elke moontlike aanval op die regmatigheid van die aanhouding moes vooruitloop nie. In Dempsey se saak (supra) op bl. 38 G-I is daar bevind dat waar beweer word dat 'n opinie, wat 'n voorvereiste vir 'n inhegtenisneming is, onbehoorlik gevorm is, die bewyslas om die onbehoorlikheid te bewys op die aangehoudene is. In so 'n geval sal 'n applikant wat teen sy aanhouding beswaar maak klaarblyklik

20

in 'n gepaste stadium in sy stukke vollediger met die saak moet handel as om bloot staat te maak op die prima facie wederregtelikheid van sy vryheidsontneming. - Sien Dempsey se saak, supra, op bll. 37 I, 40 H-J en 41 G-H - passasies waarop Mnr Burger sterk gesteun het maar wat myns insiens nie ter sake is nie omdat die bewyslas, volgens die hof se bevinding, daar op die applikant gerus het. Die hof kon miskien dieselfde resultaat bereik het deur te bevind dat, nadat die owerheid prima facie aangedui het dat die inhegtenisneming regmatig was, daar 'n

weerleggingslas op die aangehoudene rus (vgl. South Cape Corporation (Pty) Ltd v. Engineering Management Services (Pty) Ltd 1977(3) SA 534 (A) op bl. 548 A-C). Hoe dit ook al sy, dit is nie vir my nodig om verder hierop in te gaan nie. Waar 'n aangehoudene hom bloot oor sy vryheidsontnemering bekla, moet die owerheid wat daarvoor verantwoordelik is myns insiens minstens aandui dat die owerheid al die formele vereistes van die magtigende wetsbepaling waarop hy staatmaak, nagekom het.

In die onderhawige geval moes die respondente ten einde

21

te slaag dus aantoon dat hulle alle stappe gedoen het wat van regsweë nodig was om 'n regmatige aanhouding van die aangehoudene in die Victor Verster gevangenis te bewerkstellig. Gevolglik was die aangehoudene myns insiens ten volle geregtig om in enige stadium van die verrigtinge die regspunt te opper dat die bevel tot verdere aanhouding nie sy aanhouding in die Victor Verster gevangenis magtig nie. Mnr Burger se eerste argument kan myns insiens dus nie aanvaar word nie.

Dit bring my dan by Mnr Burger se tweede aanvalsgrond wat, kort gestel, behels dat die verhoorhof nie 'n bevel vir die vrylating van die aangehoudene kon verleen het nie, maar eerder 'n ander bevel wat die regmatigheid van die Minister se verdere aanhoudingsbevel sou erken. Ek moet onmiddellik beken dat ek die logika van die regter a quo se beredenering oor hierdie aspek aantreklik vind. Die aangehoudene bekla hom oor 'n aanhouding in die Victor Verster gevangenis. Die enigste gepoogde regverdiging wat die respondente vir hierdie aanhouding aanbied, is die verdere aanhoudingsbevel gedateer 23 Junie 1986,

22

waarkragtens die aangehoudene in die Worcesterse gevangenis aangehou mag word vir solank die noodregulasies van krag is. Dit blyk uit die regulasies dat die verwysing na die Worcesterse gevangenis in die aanhoudingsbevel nie toevallig of onbelangrik is nie. Ingevolge regulasies 3(3) en 3(4) mag die aangehoudene nie in enige ander gevangenis aangehou word tensy die voorgeskrewe stappe ingevolge regulasie 3(4) gedoen is nie. Dit is dus duidelik dat die verdere aanhoudingsbevel van 23 Junie 1986 nie as regverdigingsgrond kan dien vir die aanhouding waaroor die aangehoudene kla nie. Vir die doeleindes van die aangehoudene se aansoek is dit regtens irrelevant. As 'n kwessie van logika is daar dus geen verweer teen die aansoek nie en behoort dit te slaag.

Mnr Burger se betoog dat die hof eerder 'n bevel tot oorplasing na die korrekte gevangenis of 'n verklarende bevel betreffende die korrekte plek van aanhouding moes verleen het, gaan ook nie op nie. Daar was geen lis tusseh die partye oor wat die korrekte plek van aanhouding vir die aangehoudene was

23

nie, en geen party het 'n bevel in hierdie verband aangevra nie. As die omstandighede was dat die aangehoudene regmatiglik aangehou was maar om een of ander rede in 'n ogemagtigde gevangenis was, sou die respondente dit kon beweer het en gepaste regshulp aangevra het. Dit het hulle nie gedoen nie. Hul versuim om getuienis te lei oor hoe dit gekom het dat die aangehoudene in die Victor Verster gevangenis aangehou word, het daartoe gelei dat die hof eenvoudig nie weet wat die juiste posisie is nie. Onder hierdie omstandighede, meen ek, het die hof a quo die korrekte weg gevolg deur bloot te bevind dat die respondente hul nie van die bewyslas gekwyt het nie. Ek stem dus ook saam met die uitspraak van HARMS R in die ongerapporteerde saak van Hlahla and Another

- v. Minister of Law and Order and Others (TPA - saak 13679/86 gelewer 4.8.86) waarin die hof onder soortgelyke omstandighede tot dieselfde gevolgtrekking gekom het. Mnr Burger het gesteun op 'n uitspraak van OLIVIER R in Sokutu v. State President and Others (OK - ongerapporteer, saak 1452/86, gelewer 16.10.86). In hierdie

24

saak was die appellant in die Livingstone hospitaal, PortElizabeth, toe daar op 24 Junie 1986 ingevolge regulasie 3(3) 'nbevel vir sy verdere aanhouding in die St. Albans gevangenisaldaar uitgereik is. Hy het aansoek gedoen om 'n bevel wat syaanhouding onwettig verklaar en sy vrylating gelas. OLIVIER Rhet bevind dat sy aanhouding in die hospitaal wettig was en hetdus die aansoek afgewys. Die passasie waarop Mnr Burger

staatmaak verskyn in die inleidende deel van die uitspraak en lui

soos volg:

"Applicant did not attack the validity of his original arrest, nor did he attack the validity of the Second Respondent's order of 24th June 1986. It follows that Applicant's detention in St Albans prison would have been lawful. If his detention in Livingstone Hospital is contrary to the terms of the order and unlawful, the correct order of this Court should not be his release, but his removal to St Albans prison - see Regulation 13. On this basis alone the relief sought by the Applicant should not be granted." Regulasie 13, waarna verwys word, skeep 'n aantal

misdrywe, en ek is nie heeltemal seker wat die geleerde Regter

25

met hierdie verwysing in gedagte gehad het nie. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die aangehaalde passasie heeltemal obiter was. Die uitspraak is, soos reeds opgemerk, op ander gronde beslis. Daarbenewens meen ek dat die saak waarskynlik onderskeibaar is van die huidige. In Sokutu se saak was daar, blykens die uitspraak, getuienis dat, terwyl die appellant in aanhouding was, hy vir noodsaaklike mediese behandeling na die hospitaal geneem was. Dit wil dus voorkom dat die volle feite met betrekking tot sy aanhouding in die hospitaal, en die redes daarvoor, waarskynlik voor die hof was. Indien dit so was, sou die hof, in ooreenstemming met die beginsels wat ek hierbo uiteengesit het, 'n gepaste bevel daaromtrent kon uitgereik het indien

'n party hom daartoe versoek het. Dit is in teenstelling met die onderhawige geval waar daar geen getuienis hoegenaamd is oor die gronde vir die aangehoudene se aanhouding in die Victor Verster gevangenis nie. As Sokutu se saak nie op hierdie manier onderskei kan word nie, stem ek met eerbied nie saam met die aangehaalde passasie nie.

26

Ek meen dus dat Mnr Burger se tweede argument ook nie aanvaar kan word nie. Voordat ek van hierdie punt afstap is daar egter een verdere opmerking wat ek wil maak. Mnr Burger se argument berus tot groot hoogte op die veronderstelling dat die hof a quo se bevel behels dat daar geen gronde vir die aanhouding van die aangehoudene op enige plek bestaan nie. Dit is nie so nie. Al wat die hof beslis het is dat die aanhouding waaroor die aangehoudene hom bekla het, nie geregverdig was nie, en dat hy daarvan bevry moes word. Oor die regmatigheid van sy moontlike aanhouding op ander plekke het die hof hom nie uitgelaat nie. Dit was nie ter sake nie. Weens die voorgaande stem ek saam met die hof a quo se gevolgtrekking. Die appèl word afgewys met koste, insluitende die koste ontstaande uit die aansoeke om verlof om te appelleer in hierdie hof en die hof a quo.

CORBETT, HR)

MILNE, JA) Stem saam

E M GROSSKOPF, AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1989/129.html>

CASE PAGE https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/unknown-plaintiff-v-unknown-defendant-detention_without_trial-asca-1989-102-88--6a3ea51a3b1caa9129810710

Prepared on 14 October 2026 · Esheria